

SAAKNOMMER: CC 482/S5

DELMAS

1987-06-10

DIE STAAT teen:

PATRICK MABUYA BALEKA EN 21

ANDER

VOOR:

SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT:

ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING:

ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK:

MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE:

(SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT:

AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

-----  
KONTRAKTEURS:

LUBBE OPNAMES  
-----

VOLUME 234

(Bladsye 12 396 - 12 453 )

HOF HERVAT OP 10 JUNIE 1987.

TEBOGO GEOFFREY MOSELANE, bevestig verder

MR BIZOS : All the accused are before Your Lordship.

EXHIBIT 40 has been brought back and Mr Harris has done the stop on the transcription. A clean copy has been made of that. Photostatic copies will be made with a characteristic film or sound sign other than the manner in which I suggested, which will make it clear to Your Lordship where there is visual material and where there has been a stop and where there has been a switch on. Our attorney has left court in (10) order to transfer it into a clean copy.

MNR. JACOBS : Voor ons begin wil ek net verlof vra van die Hof, ons het nog nie geleentheid gehad om na die band te kyk nie, om te ondersoek en te kyk daarna, of ons dit ook kan kry. Ons sal 'n afskrif maak van hom, dan kan ons die afskrif gebruik as u ons verlof gee dat ons dit kan kry. Dankie.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Moselane, ons het gister gekom waar die pamflet wat jy uitgereik het om die 12de se vergadering te adverteer en ek het vir jou gevra of jy daarop gemeld het wie die pamflet uitgereik (20) het en jy het gesê nee. Toe was my laaste vraag gewees hoekom was dit nie gesê nie, toe ons opgehou het. Kan jy vir ons 'n antwoord gee nou? -- Dit was nie geskryf gewees van wie dit af gekom het nie, want dit was daar duidelik geskryf dat die vergadering by die Church of Province se kerk gehou gaan word. Dus almal sou geweet het waarheen om te gaan vir die vergadering.

Maar was dit nie belangrik om te weet watter organisasie of watter mense is besig met 'n vergadering daar nie? -- Daar was geen organisasie betrokke by die belê van hierdie (30)

vergadering/...

vergadering nie. Dit was h vergadering gewees wat gehou word om in hierdie kwessie van die huur in te kyk.

My vraag is, was dit nie belangrik dat die mense weet watter organisasie betrokke is en of daar h organisasie betrokke is nie? -- Dit was nie nodig gewees nie, want daar was geen organisasie wat te doene gehad het met die belê van hierdie vergadering nie.

Was dit dan nie meer belangrik gewees dat die mense weet dit is die kerk wat hierso self optree om die mense te help nie? -- Wat van belang was, is dat dit aan die mense, (10) dit wil sê die gehoor verduidelik was hoe dit gekom het dat hierdie vergadering belê was. Dit was as gevolg van die kerk se optrede dat hierdie vergadering daar gehou is.

En julle meld niks in die kennisgewing dat dit die kerk is wat daardie vergadering belê nie? -- Die meerderheid van die mense daar teenwoordig is van my gemeente.

Dit is nie wat ek gevra het wie is die meerderheid van die mense nie. Al is hulle die meerderheid, jou mense, dan het hulle nog nie geweet dit is die kerk wat hierdie vergadering belê nie? -- Met hulle aankoms by die vergadering was dit (20) aan hulle verduidelik.

Maar ek praat nie van die vergadering nie. Ek praat van die kennisgewing? -- Ja, ek verstaan wat die vraag is, maar mense was nie verplig om hierdie vergadering by te woon nie en wie ook al dit was wat die kennisgewing gekry het, het die reg gehad om te verneem van wie dit gekom het.

Terloops, wie het by die kerk gesê, by die vergadering op die 12de, dat hierdie vergadering is belê deur die kerk? -- Ek het dit verduidelik.

Wat presies het jy gesê daaromtrent? -- Ek het alreeds (30)

in/...

in my getuienis gesê hoe ek genader was deur die persoon en ek is die predikant van die kerk. Dus is dit 'n bekende feit aan die mense.

Ek vra nie vir jou hoe is die bekende feit nie. Ek vra hoe het jy vir die mense daarso presies gesê dat hierdie vergadering is belê deur die kerk. Jy het nou net gesê dit is vertel aan die mense op daardie vergadering? -- Omdat ek bekend was aan die persone daar teenwoordig, dit wil sê die lede van die kerk dat ek 'n predikant is van hierdie betrokke kerk en hier praat ek daarvan dat die vergadering deur die (10) kerk belê was, weet hulle dat ek opgetree het as gevolg van die kerk se prosedure.

Met ander woorde, jy het nie uitdruklik gesê vir die gehoor daar dat hierdie vergadering is belê deur die kerk nie? -- Nee, dit was nie nodig gewees nie. Ek het alreeds verduidelik hoekom dit nie nodig was nie.

So, ek wil dit net baie duidelik hê, dit is nie daar gesê "Kyk, mense, hierdie vergadering is deur die kerk belê" nie? Jy sê dit was nie nodig om dit te doen nie? -- Ek kan nie onthou dat dit wel so gebeur het nie. Dus sê ek dit (20) het nie gebeur nie.

Toe jy nou-nou 'n rukkie terug vir die Hof geantwoord het dit is verduidelik aan die mense op die vergadering het jy 'n fout gemaak, jy het nie die waarheid vir die Hof vertel nie? -- Daar was geen fout wat ek begaan het nie.

Kan jy dan aan die Hof 'n verduideliking gee as jy een keer vir die Hof sê dit is op die vergadering daar verduidelik aan die mense dat die kerk het hierdie vergadering belê en jy sê nou weer agterna nee, dit is nie verduidelik aan die mense dat die kerk die vergadering belê het nie? Hoe kan (30)

altwee/..

altwee die waarheid wees en nie n fout nie?

MR BIZOS : The second statement was "nie uitdruklik gegee nie.

MNR. JACOBS : Maar wat maak die verskil, of dit nou uitdruklik is of nie? Uitdruklik beklemtoon dit eintlik nog meer.

MR BIZOS : An explanation was given by the witness when the word "uitdruklik" was used.

COURT : I think the question is a justified question.

Antwoord die vraag, asseblief? -- Wat ek daarmee bedoel is, ek staan hier en ek is n predikant van daardie kerk en wat(10) ek sê het te doene met hierdie kerk en tweedens wat ek sê is, as mense vir my sien en hoor dat ek iets sê, weet hulle dat dit wat ek sê, sê ek namens die kerk. Dan is dit nie vir my nodig om nog te verduidelik dat wat ek hier sê is eintlik wat van die kerk se owerhede toestemming verleen is om dit te sê nie.

MNR. JACOBS : Jy antwoord nie my vraag nie. Jy ontwyk my vraag. Ek het vir jou gevra om n verduideliking vir die Hof te gee. Jy sê daar was nie n fout gewees nie, jy het nie n fout gemaak nie. Nou sê ek jy moet vir die Hof verduidelik(20) hoe dat jy die een oomblik sê dit was aan die mense gesê op die vergadering, dat daardie vergadering is belê deur die kerk en die ander oomblik sê jy dit was nie gedoen nie. Ek wil n verduideliking van jou hê, asseblief? -- Ek het nie twee teenstrydige antwoorde gegee op dieselfde vraag nie. Die een antwoord is ter ondersteuning van die ander een.

Is dit jou antwoord dan? -- Ja.

Jy het in jou getuienis gister vir die Hof vertel dat jou raad, toe jy hulle genader het in die eerste instansie en vir hulle gesê het daar moet n vergadering gehou word,(30)

het/...

het hierdie aangeleentheid breedvoerig bespreek. Wat is bespreek so breedvoerig, laat ons het kyk waarom het dit gegaan? -- Wat breedvoerig bespreek was, was die volgende, wat gedoen kan word om die mense wat sukkel te kan help.

Is dit die veertig mense? -- Dit is die veertig mense in my gemeente en die gemeenskap as geheel. Kyk, 'n mens kan nie 'n uitsondering maak in die gemeenskap en iets bepaal net op die gemeente nie.

Het julle die gemeenskap as 'n geheel bespreek, breedvoerig of het julle net die veertig mense breedvoerig (10) bespreek? -- Wat ek daarop kan sê is dat hierdie veertig persone wat na verwys word, vorm 'n gedeelte van die gemeenskap. Dus wat hierdie veertig persone raak, raak die kerk as geheel, dit wil sê die gemeente as geheel, tesame met die gemeenskap. Dit kan nie uitgesluit word nie.

HOF : Antwoord asseblief die vraag? -- Wat is die vraag?

Die vraag is of u die gemeenskap as geheel bespreek het en of u die veertig bespreek het? -- Is die vraag gebaseer op die vergadering van die kerkraad?

Ja? -- Daar het ons net die veertig persone bespreek. (20)

MNR. JACOBS : In die bespreking van hierdie veertig persone se probleem wat daar breedvoerig bespreek is, het dit gegaan oor finansiële hulp aan hierdie mense? -- Dit was nie net dit gewees nie. 'n Mens kan dit noem dit was 'n kort termyn projek van daardie huidige oomblik, maar daar was nog lang termyn projekte wat mense na kon gekyk het.

Kyk, ek vra vir jou die werklike feite op daardie vergadering, ek wil nie spekulاسie hê nie. Ek wil die feite van daardie vergadering hê. Kan jy dit vir die Hof gee of nie? -- Ja, ek kan dit gee. (30)

Nou/...

Nou goed, sê vir ons wat se planne het julle bespreek om hierdie veertig mense te help op hierdie vergadering, die spesifieke feite? -- Ek het gister hier vir die Hof gesê dat dit bespreek was en dit was toe later as 'n resoluëie beskou dat dit wat bespreek is oorgedra moet word aan die gemeente dat die gemeente dit verder kan invul deur te sê wat gedoen kan word om hierdie mense te kan help.

HOF : Nou weet ek nog nie wat u antwoord is nie. Wat is bespreek op die vergadering van die kerkraad? -- Wat by hierdie kerkraad bespreek was, is hoe om die mense te help (10) wat met hierdie klagte na vore gekom het, naamlik dat hulle nie in staat sal wees om die huur te kan betaal nie.

Hoe? -- Ons het nie juis bepaal hoe nie. Ons het net besluit dat dit verder geneem moet word na die gemeente toe.

MNR. JACOBS : As ek na hierdie antwoord van jou luister, moet ek dan aanvaar dat jy het die probleem gestel. Is dit reg? -- Ja.

Daarop het die kerkraad gesê "Goed, ons moet hierdie ding na die gemeenskap toe neem, dat ons kyk of hulle planne het hoe kan ons dit oplos? -- Ja. (20)

En dat daar 'n resoluëie toe geneem is dat julle op die 12de 'n vergadering sou hou deur bemiddeling van die kerk? -- Ja.

En daarna is dit vir jou gesê jy kan maar - jy moet die reëlings tref? -- Ja, om toe te sien dat die vergadering 'n sukses is.

Is dit al wat daar gebeur het met daardie vergadering? -- Sover as wat ek onthou, ja.

Daar was nie 'n breedvoerige bespreking gewees deur die raad nie? -- Dit is breedvoerig wat betref hierdie aangeleentheid (30)

Sê/...

Sê jy die breedvoerige bespreking is wat jy nou vir die Hof gesê het wat daar gebeur het? -- Dit is die bespreking waarop ons op die ou end ooreen oor gekom het, dat dit oorgedra kan word.

En jy kan nie vir ons sê op daardie vergadering of daar enigsins voorstelle gemaak was wat julle moet ondersoek hoe om die mense te kan help nie? Wat jy moes ondersoek aan wie die volmag gegee is nie? -- Wat aan my oorgedra was, was dat ek sal moet toesien dat daar 'n bywoning in 'n groot getal moet wees by hierdie vergadering wat belê was vir die (10) Sondag. Dit was ook aan my oorgelaat om my diskresie te gebruik waar om hulp te gaan vra indien ek so voel, dat ek hulp nodig het.

Dit is nie uitdruklik aan jou gesê jy kan hulp gaan vra nie, nê? -- Ek het gister hier in my getuienis vir die Hof gesê wat my posisie is as 'n predikant met betrekking tot die kerkraad dat dit die volle mag het om enigiets te doen en nog verbeterings te doen aan dit waaroor hulle besluit het. Dus het ek my diskresie om te gebruik met betrekking tot sekere dinge. (20)

HOF : U weet, daardie vraag kon u baie maklik met 'n ja of 'n nee geantwoord het. U is nie verplig om alle vrae met ja of nee te beantwoord nie. Beslis nie, maar u moet sekerlik vrae wat met nee of ja beantwoord kan word, met ja of nee beantwoord en die antwoord op daardie vraag was nee. Is dit korrek? -- Nee, dit is nie so nie. Dit is nie korrek nie. Wat my kerk betref, na die kerkraad besluit het, is daardie besluit nie finaal nie. Ek het ook die reg om enige beslissing te gee op wat hulle vroeër besluit het.

MNR. JACOBS : Jy het gister dit in hierdie hof gestel dat (30)

van/...



van jou kerkraad was daar geen suggestie dat jy moet hulp kry nie. Is dit reg? Jy het daardie besluit op jou eie geneem dat jy moet hulp kry? -- Ja, dit was vir my om te besluit of ek hulp nodig het of nie.

Dan was jou getuienis-in-hoof verkeerd waar jy gesê - en ek wil dit vir jou lees, dit is in Volume 229 bladsy 12 175, die tweede paragraaf van onder af "Was there any suggestion as to whether you should do this alone or whether you should seek assistance?" Kan jy onthou dat mnr. Bizos vir jou daardie vraag gevra het? -- Ja, ek onthou die vraag. (10)

En jou antwoord was die volgende "It was agreed that I could find some people to assist me in order to carry that out." Kan jy onthou dat jy daardie antwoord gegee het? -- Ja, ek onthou.

En onthou jy verder dat die Hof het jou toe gevra "Do you mean to hold the meeting or to be speakers or to do what?" en jy het dit verder duidelik gemaak "I was to find people to assist me in order to prepare what to tell the people on Sunday at this meeting." Onthou jy dat jy dit gesê het? -- Ja, ek onthou dit. (20)

Toe was dit weer deur mnr. Bizos gelei "Were you given authority by your council to do what you thought necessary in this regard?" Toe sê jy "That is so, because that is one of the ways in which the council works." -- Ja, ek onthou dit.

Dit is heeltemal anders as wat jy vandag vir die Hof getuig en gister vir die Hof getuig het. Stem jy saam? -- Ek stem nie saam dat daar 'n verskil is nie.

Jy sê jy stem nie saam daar is 'n verskil nie? -- Ja.

Ek gaan jou vir jou geleentheid gee om aan die Hof te verduidelik hoekom sê jy daar is nie 'n verskil nie, want (30)

gister/...

gister en nou, pas terug, het jy vir die Hof gesê dat daar was nie volmag aan jou gegee of opdrag gegee of enigiets gesuggereer dat jy mense moet kry om jou te help met die voorbereiding of die aanbied van die vergadering van die 12de nie. Is dit reg? -- Ja.

En jy het verder gegaan en gesê dit is op jou eie diskresie, daar is niks aan jou gesê nie, maar as priester het jy die reg om self beslissings te neem. Is dit reg? -- Ja, dit is so.

En nou het ek vir jou hier voorgelees dat jou raad (10) het vir jou volmag "authority" gegee, mag gegee en die reg gegee om te gaan hulp kry met die vergadering en selfs in verband met sprekers en wat op die vergadering gesê moet word? -- Ja, dit is so.

Dan moet jy mos nou self erken dat daardie twee goed is nie presies dieselfde nie, die twee stukkies wat jy gegee het in hoof en dit wat jy nou hier gegee het? -- My antwoord op die vraag is dat die een verhaal ondersteun die ander een. Dit wil sê wat ek nou onder kruisverhoor gesê het en dit wat ek in my getuienis-in-hoof gesê het is dieselfde. (20)

Dit is jou antwoord. Op hierdie vergadering van die raad in jou kerk, is dit nooit aan jou 'n volmag of opdrag gegee of die reg gegee om te sê dat 'n vergadering belê moet word om 'n aanval te loods teenoor raadslede nie?-- Daar was nog nooit so 'n gesprek gewees by die kerkraadsvergadering van my nie.

Daar was ook nooit op hierdie kerkraadsvergadering aan jou volmag gegee om 'n aanval te loods op die verhoogde huur nie? -- Dit was nie 'n kwessie van iets te kan sê of loods teen die verhoging van huur nie. Wat daar gesê was was (30)

dat/..

dat die huur die gemeenskap raak en hoe dit die gemeente raak en hoe dit op die ou end vir ons ook maar probleme sal skep. Wat ons bespreek het was dat as die huur verhoog is, gaan dit moeilik wees vir die lede van die gemeente om aan die bydrae van die kerk te voldoen, want dan gaan die lede sê dat die huur verhoog is, met die gevolg dat hulle nie in staat is om die bydraes te maak aan die kerk nie.

Wanneer is dit bespreek? -- Ek sê nie dit was bespreek nie. Ek sê dit is hoe dit gesien word.

Ek het nie gevra hoe dit gesien word nie. Ek het vir(10) jou gesê op daardie vergadering is daar nooit volmag aan jou gegee nie en is dit nooit gesê dat jy moet h vergadering belê om h aanval te loods teen die verhoogde huur nie?

HOF : Laat ons eers die res van die antwoord kry waar die getuie mee besig was. -- Dit was die siening van die mense wat ek al raakgeloop het en die mense wat aan die gemeente behoort het ook dieselfde siening gehad.

MNR. JACOBS : My vraag aan jou was gewees of hierdie vergadering van jou raad se lede, het jou raad nooit op daardie vergadering gesê dat jy moet h vergadering belê om h aanval(20) te loods teen die verhoogde huur nie? -- Niks was gesê oor dinge wat gesê moet word wat nie in samestemming is met iets nie. Ons is nie gekant teen die huur nie. Al waarna ons kyk is wat is die probleme wat ondervind word as gevolg van die huur aan ons kant. Waarna gekyk word, is hoe gaan die probleme ons mense affekteer.

HOF : Is die antwoord dan dat daar nooit op die kerkraad gesê is dat u h vergadering moet belê om h aanval te loods teen die verhoogde huur nie? -- Ja.

MNR. JACOBS : Jy het gister vir die Hof vertel dat toe jy(30)

by/...

by Hlubi en Nozipo gekom het, het julle daarso n besluit geneem. Wat se besluit het julle geneem oor die vergadering? -- Dat hulle hulp aan my sal verleen.

En oor die geaardheid van die vergadering, wat se besluit het julle daarvoor geneem? -- Dat die drie van ons elkeen iets te sê sal hê by die vergadering van Sondag.

Is dit al? -- En dat hulle my sal help met die verspreiding van die gedrukte papiere waarin die vergadering aangekondig word.

Net terloops, het julle al drie toe iets te sê gehad(10) die Sondag op die vergadering, die drie van julle? -- Ja.

Ek het gister van jou verstaan in jou getuienis toe ek vir jou gevra het hoekom jy nie in jou kennisgewing gesê het dit is net die gemeentelede van die Anglikaanse Kerk, die St. Cyprian kerk wat genooi word na die vergadering nie, dat julle het daarso anders besluit? -- Met die besluit was dit dat enigeen wat so gevoel het om dit vergadering by te woon, het die reg om dit te doen. Niemand sal verhoed word om die vergadering by te woon nie.

Ja, dit is nie my vraag nie. Het julle so n besluit(20) geneem, die drie van julle om die vergadering enigsins, die omvang van die vergadering uit te brei? -- Ja, dit was so gewees dat elkeen, wie ook al so besluit het kan kom.

HOF : U moet net mooi na die vraag luister. Die vraag is, julle drie, die drie van julle, Hlubi, Myeza en uself, n besluit geneem het dat in plaas van n gemeentevergadering word dit nou n openbare vergadering? -- Ja-nee, ek het dit nie so verstaan nie. Dit is so.

MNR. JACOBS : Het julle enigsins besluit op die doel van die vergadering daar? -- Herhaal die vraag, asseblief? (30)

Het/...

Het julle drie daar op daardie byeenkoms waar jy, Myeza en Hlubi bymekaar was besluit om die doel van die vergadering uit te brei? -- Nee.

Het julle nie besluit dat hierdie vergadering moet nou gaan oor die huur in die algemeen nie? -- Nee, maar wat wel daar bespreek was, was dat dit sal 'n goeie ding wees as al die mense elkeen toegelaat word om teenwoordig te wees by die vergadering.

Hoekom kondig jy dan die vergadering aan as 'n vergadering teen huur? -- Waarvandaan lees u dit? (10)

Ek sal vir jou lees van die pamflet wat ek hier het. Ek neem aan ek het die regte een hier. Dit is mos AN15(v). Kyk net daarna. Is dit die kennisgewing?

MR BIZOS : Is it the correct translation into Afrikaans if it is in connection with the rent increase, to say "n vergadering teen die huur"?

HOF : Dit is nie 'n korrekte vertolking nie. In verband met die huurverhogings.

MNR. JACOBS : Ek sal net eers dat hy dit identifiseer, dan sal ek my vraag anders stel. Is dit jou kennisgewing (20) wat jy uitgegee het hierdie een? -- Ja, dit is die kennisgewing.

Agter op dieselfde bladsy is daar die vertaling daarvan, nê? -- Ja.

Hier staan die vergadering "It is in connection with the rent increases." Is dit reg? -- Ja.

Maar jy het nie volmag gehad om 'n vergadering te hou oor "rent increases" nie.. Dit het jy vir ons nou-nou gesê? -- Ja, maar hier sê ons die inwoners van Sharpeville kan vergadering toe kom of word genooi om die vergadering by te woon, welke vergadering te doene het aangaande die verhoging van huur.(30)

Ja/...

Ja, dit lees ek hier, maar dit is nie 'n antwoord op my vraag nie. Ek sal dit meer volledig aan jou stel. Jou kerkraad het planne bespreek om veertig mense te help. Jou kerkraad het bespreek dat die aangeleentheid van hoe om die veertig te help moet aan die gemeente van jou kerk voorgelê word op 'n vergadering op die 12de. Jy het vir die Hof getuig dat jou kerkraad het nie vir jou volmag gegee om 'n aanval te loods of 'n vergadering te hou oor die verhoogde huur nie of teen raadslede nie. Hier gaan jy en jy gaan kondig 'n vergadering aan, jy en Hlubi en Myeza in verband met - wel(10) in verband met verhoogde huur? -- Ek het gehoor u vraag bevat raadslede.

Dit is reg, ek het vir jou netnou ook gevra van raadslede. Ek het vir jou gesê alles wat jou raad gesê het en nie oor 'n volmag wat gegee is nie? -- Wat in hierdie dokument bevat word, is met my magte en die kerkraad gedoen. Ons is nie teen die verhoging van huur nie.

Het jou kerkraad vir jou gesê dat jy moet hierdie vergadering hou oor verhoogde huur? -- Ja, dit gaan saam met die hulp wat dan verleen sal word aan hierdie persone. (20) Hoe kan ons met die mense praat oor die hulp wat verleen moet word sonder om hierdie ding aan te raak wat eintlik die oorsaak is van die hulp wat verleen moet word, want die mense het gesê dat hulle nie in staat is om hierdie huur te bekostig nie. Dit wil sê die hulp wat aan hulle verleen moet word en die huur kan nie apart gehou word nie.

Is jy nou klaar? -- Ja, dit is so.

Ek het nou met belangstelling na jou motivering geluister, maar jy het ook gesê ja, die "parish council" het gesê die vergadering moet gaan oor die huur. Is dit wat jou antwoord(30)

dan/...

dan is? Dit is nou oor die verhoogde huur? -- Ja, want ek is die "priest" van hulle.

Wat het dit daarmee te doen? Jy kan dit antwoord met 'n eenvoudige ja of nee. Of die raad het gesê dat die vergadering moet handel met huur of hulle het dit nie gesê nie. Dit is net 'n kwessie van ja of nee? -- Ja, want die probleme het te doene met die huur. Dit is die rede hoekom die mense daar vergader het en dit is hoekom ek so sê.

Nou sit jy weer 'n ander snaakse stertjie aan. Sê jy dat jou "parish council" het dit gedoen of nie? Ja of nee?(10) Het hulle gesê die vergadering moet gaan oor die huur, ja of nee. 'n Simpel ja of nee. -- Ja, sonder 'n stert. Moet nie van die stert praat nie.

Dit is al wat ek wou gehad het. Toe jy en Hlubi en Myeza die bespreking gedoen het en julle besluit het al drie van julle sal 'n toespraak lewer op die vergadering, het julle bespreek waarom die toesprake sou gaan? -- Dit was deur my versoek of op my versoek dat hulle ook iets te sê moet hê.

Iets te sê moet hê waarom? -- Op die manier waarop die huur ons raak. (20)

Het julle 'n komitee gevorm daar?

HOF : Waar?

MNR. JACOBS : Toe julle die samesprekings gevoer het? -- Nee, ons het nie.

Op al hierdie tye, te alle tye was daar ooit 'n komitee gekies?

HOF : Gekies of gevorm?

MNR. JACOBS : Gevorm of gekies? -- Nee, daar was geen komitee wat gevorm was nie.

Is dit dan reg dat op al hierdie vergaderings van (30)

die/...

die 12de, die 19de, die 26ste en die 2de was jy die persoon in volle beheer van daardie vergadering?

HOF : 12 Augustus, 19 Augustus, 26 Augustus en 2 September 1984?

MNR. JACOBS : Is dit reg? -- Ja, dit is so. Dit was ek met behulp van die twee persone.

Hulle was net 'n hulp gewees. Hulle het niks te doen gehad met die besluitneming nie? -- Hulle het hulp verleen en ook deel gehad waar ons besluit het, dit wil sê die gemeenskap as 'n geheel besluit tesame met ons. Ons is nie 'n uit-(10) sondering van die gemeenskap nie.

HOF : Nee, daar is twee dinge waaroor 'n mens kan besluit. Daar kan 'n sekere besluit geneem word deur 'n groepie wat die vergadering belê of daar kan besluite wees van die vergadering as geheel waaraan hy deel neem. Die tweede deel dat hulle deelgeneem het aan die besluitneming van die vergadering, dit is seker ooglopend, maar dit gaan oor die vraag of hulle deelgeneem het aan die besluitneming van dié persone wat die vergadering belê het en gereël het? -- Ek is die persoon in beheer wat die besluite sou neem met die goedkeuring van die (20) kerkraad.

MNR. JACOBS : So daar het nooit 'n "Anti-rent committee" bestaan nie, nooit nie? -- Ja, dit is so.

En dit is ook nie 'n "Anti-rent committee" wat die vergadering van 12 of 19 Augustus 1984 belê het nie? -- Ja.

Kan jy vir die Hof miskien sê waar kom die woord "Anti-rent committee" vandaan of die benaming? -- Ek het dit eers vir die eerste keer gesien in 'n koerantberig, waar die berig-gewers sê dat daar 'n "Anti-rent committee" was.

Na watter vergadering het jy dit gesien? Na watter (30)

datum/...



datum s'n? -- Wat ek eintlik met sekerheid kan sê is, dit was na die vergadering van die 12de.

Maar voor die vergadering van die 19de Augustus 1984? -- Dit is wat ek onthou, ja.

Het enigiemand vir jou kom vra, verslaggewers op die vergadering van die 12de, wie verteenwoordig julle? Wat ek bedoel met julle is die mense wat daar in beheer van die vergadering was? -- Niemand het ons genader om dit te verneem namens wie ons daar was nie.

Het die koerantman nie met julle kom praat daarso (10) nie of was daar nie 'n koerantman nie? -- Daar was koerantberig- gewers, maar ek kan nie onthou dat hulle dit vir my kom vra het nie.

Het hulle nie belang gestel wie is die mense wat in beheer is van die vergadering en dit belê het en die organiseerders daarvan nie? -- Ek weet nie wat die prosedure is wat hulle volg as hulle werk nie. Ek sien net dat hulle daar sit en skryf.

HOF : Het hulle met u kom praat? -- Ek het gesê ek kan nie onthou dat hulle my ooit genader het om iets van my te verneem (20) nie.

MNR. JACOBS : Toe jy dit nou lees was jy sekerlik nie gelukkig daarmee gewees nie, want dit is mos nie 'n "Anti-rent committee" wat die vergadering hou nie, maar die kerk? -- Wat is die vraag? Dat ek nie tevrede is dat ons die naam van die "Anti-rent committee" gegee was of wat is die vraag, ek volg nie mooi nie?

Ja, want dit was 'n kerkvergadering?

MR BIZOS : Did he say that it was a church meeting?

MNR. JACOBS : Van die begin af was dit 'n vergadering wat (30) gereël/...

gereël was deur die kerk. Ek verstaan nie nou nie.

MR BIZOS : There is a difference between a meeting arranged by the church and a church meeting in my understanding of the English language. I am assuming it is the same in Afrikaans.

MNR. JACOBS : Ons sal dit dan net omdraai. Kan jy vir ons sê, was jy heeltemal gelukkig daarmee dat die koerante gesê het hierdie is 'n vergadering van die "Anti-rent committee" terwyl dit in werklikheid 'n vergadering is gereël deur die kerk, jou kerk? -- Dit was nie iets van groot belang waaroor ek bekommerd moes gewees het nie, want ek het geweet waaroor (10) dit gaan en wat dit is.

Die berig wat jy gelees het, is dit die een wat deur die verdediging ingehandig is as BEWYSSTUK DA10? -- Ja, ek onthou dat ek dit gesien het.

Op die vergadering van die 19de was daar weer koerantmanne. Het jy die ding probeer regstel met hulle? Dit is op 19 Augustus 1984 se vergadering? -- Nee, ek het nie. Ek het eintlik nie veel aandag daaraan gegee nie.

Het jy nie met die koerantmanne gepraat en gesê dit is nie die "Anti-rent committee" wat hierdie vergaderings hou (20) nie? -- Ek sê ek kan nie onthou dat ek dit so aan hulle gestel het nie.

Op daardie vergadering van die 19de het jy vir die mense daar vertel "Kyk, hierdie vergaderings is gereël deur die kerk"? -- Nee.,

BEWYSSTUK AAQ6 is ook 'n verslag wat ingehandig is deur die verdediging. Kyk net daarna? -- Ja, ek herken die dokument.

Die tweede kolom van hierdie dokument, BEWYSSTUK AAQ6 daar word gesê "Reverend Tebogo Moselane, the chairman of the committee." Waar kom hierdie ... (Hof kom tussenbei) (30)

HOF/...

HOF : Laat ek net duidelikheid kry voor ons by die "chairman" van die "committee" kom. Wat was u vorige antwoord ten aansien van AAQ6?

MNR. JACOBS : Hy herken hom.

HOF : Het hom gelees?

MNR. JACOBS : Ja. Miskien sal ek n bietjie vroeër begin.

Die vorige paragraaf in kolom 1 sal ek lees. "A decision was taken at a public meeting called by the Anti-rent committee. Reverend Tebogo Moselane, the chairman of the committee, said that the government had introduced a 99 year leasehold" en(10) verder. -- Sal u omgee om my van n afskrif daarvan te voorsien sodat ek dit kan sien en dan sal ek antwoord.

Jy kan myne kry. -- Wat is die verwysing?

BEWYSSTUK AAQ6 die eerste kolom die tweede paragraaf van daar af kan jy maar lees. -- Ja, ek sien dit.

Kan jy verduidelik waar hierdie verslaggewer, mnr. Ernest Nkabinde, aan hierdie inligting kom? -- Ja, ek kan n verduideliking gee.

Goed, verduidelik, asseblief? -- Die persoon was n verslaggewer teenwoordig by hierdie vergadering. Tydens die(20) vergadering het die persoon daar gesit en notas gemaak van wat daar gesê word. Ek het so gesê. Eintlik dit wat in hierdie berig van hom vervat word, is wat ek gesê het.

Goed, gaan aan en verduidelik. -- Het ek die vraag reg verstaan? Was u vraag gewees of ek onthou dat ek heirdie woorde gebesig het of wat is die vraag?

Niemand het - ek weet nie of jou geheue so kort is nie - vir jou gevra van woorde wat gebesig was nie. -- Wat is die vraag dan?

Ek het vir jou voorgelees dat hier word dit gesê, dit(30)

verwys/...

verwys na die "Anti-rent committee" en dit word gesê dat jy is die voorsitter daarvan, "the chairman of the committee" of jy dit kan verduidelik vir die Hof? -- Ek is nie h voorsitter van die "Anti-rent committee" nie.

Het jy nie vir mnr. Nkabinde so gesê nie? -- Na die berig wat in hierdie koerant bevat word, het ek hom nog nie raakge-loop om die posisie reg te stel en hom te laat weet dat ek nie die voorsitter was nie.

Jy het nie daar op die vergadering vir hom gesê toe hy met jou gepraat het jy is die voorsitter van so h komitee (10) nie? -- Nee, dit is nie iets wat ek eintlik van belang beskou het om dit aan hom te verduidelik nie.

K755

So, is my submitisie dan korrek, dat die woorde "This decision was taken by a public meeting called by the Anti-rent committee" is h valse stelling wat mnr. Nkabinde in hierdie berig van hom maak? -- Wat korrek hier gesê word is die besluit, dit wil sê die resoluëie van hierdie vergadering soos dit daar bevat word.

Kom ons maak dit nog makliker vir jou.

HOF : Antwoord die vraag. -- Dat daar h besluit geneem is, (20) is korrek dat die vergadering hieromtrent besluit het, maar dat die vergadering deur die "Anti-rent committee" belê was, is nie korrek nie.

MNR. JACOBS : Dit is eintlik vals? -- Dit is nie dat dit vals is nie. It is not correct.

Maar dit moet mos vals wees, want daar het nie so h komitee bestaan nie? -- Dit is sy eie besluit dat hy dit so aanvaar het dat daar so h komitee bestaan het, want hier sê hy nie dat hy persone gespreek het wat hulle self noem die "Anti-rent committee" nie. (30)

HOF/...

HOF : Sê u hy het dit uit sy duim gesuig? -- Ek gebruik nie sulke sterk woorde nie, maar ek sê dit is nie die volle waarheid nie.

MNR. JACOBS : En die stelling hierso dat "The Reverend Tebogo Moselane, the chairman of the committee" is dan ook vals en is ook nie die waarheid nie? -- Ja, dit is nie die waarheid nie, want daar was nooit 'n komitee wat bekend gestaan het as die "Anti-rent committee" sover my kennis strek nie.

HOF : Daar was dus volgens u nooit so 'n komitee nie en u was nooit die voorsitter nie? -- Ek sê daar is nie 'n komitee (10) nie. Dit was 'n besluit deur die raad, dit is die kerkraad dat ek mense moet soek met deskundige ondervinding om my te help.

MNR. JACOBS : Nou sê jy weer die kerkraad het besluit jy moet mense soek om jou te help, mense wat deskundiges is? -- Ja, kyk, u kan nie 'n uitsondering maak tussen my en die kerkraad nie, want ek is maar die voorsitter van die kerkraad. Ek het die magte om sekere dinge van die hand te wys by die "parish council", naamlik die kerkraad dat ek kan sê nee, dit word nie gedoen nie. (20)

Ek dink ek het dit nie opgeklaar nie. Ek wil net duidelikheid hê. Jou kerkraad, uit hoeveel lede bestaan dit? -- Dit bestaan uit sestien lede.

En daardie dag toe julle die vergadering gehou het waarop julle besluit het om die vergadering van die 12de te hou, was hulle almal teenwoordig? -- Ja.

En het julle gestem daarso op die vergadering oor die aangeleentheid omtrent die hou van die vergadering, die resoluëie en die kwessie van hulp wat verleen moet word? -- Ja, ons het gestem. (30)

Het/...

Het almal daarvoor gestem? -- Die dag van hierdie vergadering van die kerkraad waar hierdie besluit geneem was, was ons nie almal teenwoordig nie. Dit wil sê nie al die sestien lede van die kerkraad was teenwoordig nie, maar wel net vyf. Die kworum van hierdie kerkraad is bepaal op vyf. Dus, net vyf van die lede van die kerkraad het deelgeneem het aan die vergadering wat besluit het op die belê van die ander vergadering.

Was hulle al vyf eensgesind? -- Ja.

En handhaaf julle die beginsel dat as h meerderheid (10) die beslissing geneem het, dan word daardie besluit uitgevoer? -- Ja, dit is so.

Dan kan h predikant dit nie buite orde reël nie, tensy dit teen die reëls van die kerk is? -- Ja, alleenlik as dit nou teen die beleid van die kerk is, sal die predikant dit van die hand wys.

En hierdie besluit en bespreking wat julle die dag daar gevoer het en waarom julle daar besluit het en gestem het, was nie teen die reëls van die kerk of die beleid van die kerk nie? -- Ja. (20)

Dan wil ek dit aan jou stel dat jy as h priester, soos jy dit nou-nou vir die Hof gestel het, het nie h reg gehad om teen hierdie besluit te gaan op enige manier nie? -- Waarvan praat u nou? Dat daar h besluit geneem is oor die belê van die vergadering?

Ja? -- Ek was nie gekant daarteen nie. Daar was h vergadering gehou op die 12de.

Ek stel net aan jou wat jy nou-nou self gesê het dat jy as h priester het die reg om sekere dinge te doen. Ek stel dit aan jou dat hierdie besluite van jou raad, as hy (30)

geneem/...

geneem is en dit is nie teen die kerk se beleid nie of teen die kerk se reëls, dan het jy as priester nie eers die reg om dit te verander of in te meng daarmee nie? -- Wat hierdie vergadering betref, het ek niks teen die vergadering gehad nie. Ek sê dit gebeur partykeer, maar nie spesifiek met betrekking tot die vergadering nie.

Ek gaan vir jou net een insident wys waar jy teen die raad se besluit gegaan het. Toe jy en Hlubi en daardie mense besluit het dat dit nie nou nie meer net die gemeente is nie, maar die hele Sharpeville se bevolking, toe het jy (10) teen jou kerkraad se besluit gegaan? -- Dit wat u nou net hier gestel het, is nie die waarheid nie.

Hoekom sê jy dit is nie die waarheid nie? -- Omdat die kerkraad dit aan my oorgelaat het om my eie diskresie te gebruik om toe te sien dat hierdie vergadering 'n sukses is. Daarom is dit nie korrek wat u aan my stel nie. Dat dit aan my oorgelaat was om hulp te soek by sekere mense wat van hulp aan my sal wees, is nie teen die besluit van die kerk nie, want dit het niks te doen met 'n kerkdienst wat gehou moet word nie, maar dit het net betrekking gehad op 'n vergadering (20) wat ons sou gehou het. Om 'n vergadering te belê is maar een van die dienste wat dan aan die gemeenskap gelewer word.

Ek wil net teruggaan na hierdie BEWYSSTUK DA10 wat ingehandig is. Ek kan nie uitmaak nie, U Edele, want die afskrif wat aan ons verskaf is is baie dof. Ek kan nie uitmaak watter koerant dit is nie. Dit lyk vir my na die Mail.

HOF : Ek het ook daarop geskryf dat dit die Rand Daily Mail is van 16 Augustus 1984, maar of ek dit reg geskryf het, is ook 'n vraag.

MR BIZOS : No, it is correct. RDM 16/8/84. (30)

MNR. JACOBS/...

MNR. JACOBS : Net om daarby aan te sluit, die vorige een  
... (Hof kom tussenbei)

HOF : Dit was ook die Rand Daily Mail.

MNR. JACOBS : Ek wil jou verwys na hierdie BEWYSSTUK DA10.  
So, waar dit hier lees "The Anti-rent committee, Sharpeville,  
has called on residents" en dan gaan dit aan, is hierdie  
inligting ook vals dat daar 'n "Anti-rent committee" van  
Sharpeville 'n oproep gedoen het op die mense? -- Alvorens  
ek daardie vraag antwoord, wil ek 'n versoek aan die Hof rig.  
As ek reg is, is daar sekere afskrifte van hierdie koerante(10)  
voor die Hof. Ek vra dus dat dit aan my voorgelê word.

HOF : Sekerlik. -- Kan u die stelling herhaal?

U het nou in u besit DA10 en in DA10 dit is 'n berig  
van die Rand Daily Mail word daar verwys na 'n "Anti-rent  
committee" en die stelling wat aan u gemaak word is dat dit  
ook vals is? -- Ja, volgens my kennis was daar geen so 'n  
organisasie gewees of komitee wat bestaan het onder daardie  
naam nie.

MNR. JACOBS : Dan gaan ons net na die tweede paragraaf toe.  
"This will be handed to the town council. Reverend Tebogo ..."  
(20)  
(Hof kom tussenbei)

HOF : U weet, dit is natuurlik baie onbevredigend dat nie  
een hier op die bank die dokument het waar u mee handel terwyl  
u die getuie daarvoor kruisvra nie. Daar behoort darem vir  
die getuie ook 'n ekstra stel beskikbaar te wees. Wat het  
daarvan geword?

MNR. JACOBS : Ons het nie ekstra nie. Ek dink dit was inge-  
handig deur die verdediging.

HOF : Het u nie 'n ekstra kopie nie, mnr. Bizos?

MR BIZOS : As we are passive, we have to remain passive (30)

in/...



in this, perhaps we should give ours to the witness.

COURT : Well, the fact that you are passive, does not mean that you are not sharp-eyed.

MR BIZOS : Or eared.

HOF : U het verwys na die tweede paragraaf.

MNR. JACOBS : Ja, ek lees dan die tweede paragraaf. "This will be handed to the town council. Reverend Tebogo Moselane, the acting chairman of the committee, also reminded the residents of a meeting to be held at the St Cyprian Anglican Church this Sunday at 2 p.m." So, hier word weer verwys (10) na jou as die "acting chairman" van hierdie komitere. Is dit ook vals? -- Ja, dit is vals wat betref die punt dat ek 'n waarnemende voorsitter is.

HOF : Dit lyk vir my u is gepromoveer tussen die vergadering van 12 Augustus en die vergadering van 19 Augustus. By die een is u 'n waarnemende voorsitter en later word u 'n voorsitter? -- Die koerantmense skryf net soos hulle wil. Wat vir my van belang is is of my naam korrek geskryf is en dat dit reg genoem word dat ek 'n predikant is en dat ek eintlik 'n predikant is van Sharpeville in my kerk wat in Sharpeville geleë is. (20) Dit is wat belangrik is.

MNR. JACOBS : Volgens wat ek kan aflei is, 'n mens kan eintlik nie baie peil trek op die berigte in die koerante vir die waarheid nie? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

Daar is somer nou twee koerante met 'n lot valshede in.

HOF : Dit is dieselfde koerant met twee uitgawes.

MNR. JACOBS : Twee uitgawes van dieselfde koerant wat valshede in het? -- Ja, as u praat van die koerantberigte, veral as u verwys na hierdie bewysstuk hier voor my DA10, dan moet u nie sê al die koerante praat nie die waarheid nie. Dit (30)

wil/...

wil sê elke dag se inhoud van 'n koerant is nie die waarheid nie. Eintlik wat hier bevat word in hierdie berig is 'n opsomming van wat daar plaasgevind het. Wat ek hier kan sê is, ek sê nie dat die koerant se waarheid getoets moet word oor wat daar gebeur het nie, maar wat ek verstaan in hierdie berig is dat die koerantberig is 'n opsomming van wat daar plaasgevind het. 'n Mens kan nie die koerant vergelyk met die rekord wat hier in die hof gehou word nie, want hierdie rekord bevat elke woord en as daar 'n transkripsie gedoen word van hierdie rekord, word elke woord getoon. (10)

Is ek reg as ek sê ek het verstaan toe die bewysstukke ingehandig is in die hof dat die Rand Daily Mail taamlik wyd gelees word in Sharpeville? Dat dit 'n populêre koerant daar is.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Was is miskien nader aan korrek.

MNR. JACOBS : Gelees was? -- Ja, dit was so.

En jy self het dit ook altyd gelees daar in Sharpeville?  
-- Ja.

Stem jy saam deurdat hierdie koerant so wyd gelees word in Sharpeville het dit die wanindruk by die mense van Sharpeville geskep dat daar 'n "Anti-rent committee" bestaan in Sharpeville? -- Dit is nie 'n wanindruk wat geskep is in die gemeenskap van Sharpeville nie. Dit gee nou 'n weergawe van wat daar plaasgevind het en dit is nie 'n kwessie van dat ek nou daarvoor moet getuig nie. Ek kan nie getuig oor die algemene persepsie van die gemeenskap van Sharpeville nie.

Het jy dit glad nie gedoen in jou getuienis om te verwys na die persepsie van die gemeenskap in Sharpeville nie? -- 'n Mens kan 'n voorbeeld maak met verwysing na die gemeenskap. Deur dit te sê beteken dit nie dat 'n persoon sê dat dit (30)

die/...

die persepsie is van die gemeenskap as geheel nie.

Stem u saam - is jy klaar? -- In antwoord sal ek vir u sê, u moet die hele berig lees aangaande dit. U moet nie sekere stukkies van die berig uitsoek nie.

Mense in Sharpeville, stem u saam, wat daardie koerant lees, lees dat daar bestaan h "Anti-rent committee"? -- Ja.

Dat daardie "Anti-rent committee" van Sharpeville se voorsitter of waarnemende voorsitter is jyself? -- Ja, ek betwis dit nie.

En dat hierdie "Anti-rent committee" onder jou voorsitter- (10) skap hierdie vergaderings gereël het? -- Ja, dit is hoe dit hier in die berig bevat word.

En volgens daardie berigte is dit h vals beeld wat uitgedra word aan die gemeenskap van Sharpeville? -- Ja, dit kan so wees. Wat betref die naam "Anti-rent committee" is dit nie die waarheid nie, dat daar so h komitee bestaan. Wat verder gebeur is, h persoon sal altyd by my seker moet kom maak, byvoorbeeld as hy my raakloop sal hy vir my vra "Ek hoor of ek sien so in h berig", dan sal ek aan die persoon verduidelik wat die posisie is. (20)

En destyds toe jy die berigte gelees het, het jy besef dat dit is h valse beeld wat hier versprei word? -- Die inhoud van die berig as geheel is korrek, behalwe die eerste stukkie heel bo waar hulle nou praat van die bestaan van die "Anti-rent committee". Dit is nie korrek nie.

Ek het nie gevra van die res van die berig nie. Ons sal nog daarby kom. Ek vra dat hierdie beeld wat geskep is en ek het vir jou die drie punte genoem, dat daar h "Anti-rent committee" bestaan, dat jy die voorsitter of waarnemende voorsitter is en dat die mense onder die indruk gebring word (30)

dat/...

dat hierdie vergaderings waarvan daar n reeks gehou was, was gehou deur hierdie "Anti-rent committee"? Antwoord net asseblief my vraag en luister na my vraag? -- (Tolk: Verskoon my, dit was seker dan my fout gewees. Ek het verstaan u sê volgens die berig, dit wil sê as geheel. Dit is wat ek aan die getuie getolk het.)

Goed. -- Ja, nou verstaan ek. As dit die geval is, dan sal dit duidelik wees dat dit nie die waarheid is nie.

En jy het niks gedoen om dit reg te stel om enige van hierdie vergaderings nie? -- Dit is nie iets van belang (10) nie.

So, die mense moes maar geglo het dit is die "Anti-rent committee" wat optree daarso met hierdie vergaderings en nie die kerk nie? -- Die waarheid is bekend wat dit is wat veroorsaak het waarom die mense by hierdie vergadering vergader het.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG.

HOF HERVAT.

TEBOGO GEOFFREY MOSELANE, bevestig verder

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Moselane, (20)

onthou jy, toe Koaho getuienis gegee het, was hierdie verkeerde beeld dat die "Anti-rent committee" die vergadering belê het ook oorgedra aan hom. Kan jy onthou? -- Ja, maar nie so goed nie.

Ek wil vir jou net lees Volume 25 bladsy 1 204, dit is die getuienis van Koaho van die vergadering van die 19de. Dit was gestel gewees - ek lees vir jou "Yes. This decision was taken at a public meeting called by the Anti-rent committee? Correct?" en sy antwoord was "Yes." Het jy enige kommentaar te lewer hierop? -- Ek sal sê ja. Dit is wat ek (30)

eintlik/....

eintlik verstaan het.- Toe die Staatsaak gesluit was, is hier gepraat van 'n stelling dat die vergadering belê was deur die "Anti-rent committee", maar ons, die mense wat te doene gehad het met die kerk, wie te doene gehad het met die belê van die vergadering, het geen kennis daarvan gedra nie. Dit word net so uiteengesit.

Is dit jou kommentaar op hierdie stelling? -- Ja.

Ek wil net een ding ook nog met jou duidelik opklaar. Jy het vanoggend vir die Hof gesê dat toe jy met Hlubi en Myeza gepraat het, toe die pamflet gemaak is die dag - (10) is jy met my? -- Toe ons wat gaan bespreek het? Die "Anti-rent"?

Toe julle die pamflet bespreek het en julle bespreek het daarso om daardie vergadering uit te brei na die hele gemeenskap van Sharpeville? -- Ja.

Was julle al drie bymekaar, jy en Nozipo en Hlubi? -- Ja, dit is hoe ek onthou.

Wie se voorstel was dit gewees dat julle hierdie vergadering moet uitbrei sodat dit die hele gemeenskap van Sharpeville moet insluit? -- As ek reg is, was dit Nozipo se (20) voorstel gewees.

Hoekom het sy dit voorgestel? Kan jy vir ons sê? -- Dit het sy gedoen omdat die kwessie van die huur nie net die gemeente geraak het nie, maar die gemeenskap as geheel.

Het sy so gesê of dink u nou maar dit is die rede? -- Dit is wat sy gesê het.

En was Hlubi en sy altwee teenwoordig toe sy dit sê? -- Met my aankoms daar was Hlubi nie in die kantore gewees nie. Hy het eers later opgedaag, terwyl ek besig was met 'n gesprek met Myeza. Met ander woorde, dit kan wees dat hy daar was (30)

toe/...

toe die voorstel gemaak is deur Myeza of dit kan wees dat dit gemaak is voor hy, Hlubi, die kantoor binnegekom het.

Kan jy nie onthou of hy deel was toe julle besluit het om die vergadering uit te brei nie? -- Ek kan nie so goed onthou nie, maar op die ou end, net voor ek weg is, was hy alreeds teenwoordig.

Kan jy vir die Hof sê of kan jy nie dat hy deel was van die groep wat die besluit geneem het om die vergadering uit te brei nie? -- Ek sê ek kan nie meer onthou nie.

Kan jy vir die Hof sê of hy bygedra het tot die (10) gesprek daar en sy opinie gelug het omtrent die vergadering en wat daar moet gebeur? -- Ek kan nie meer so goed onthou of hy iets te sê gehad het nie.

Toe julle nou gereël het dat julle drie sal sprekers wees op daardie vergadering, wat het julle gepraat, wat moet gepraat word omtrent die huur op daardie vergadering? -- Hoe die verhoging op huur ons gaan raak.

Wat het julle bespreek, hoe gaan dit julle raak? -- Daar is mense wat werkloos is. Daar is mense wat afgesit is by die werk. (20)

Wie het julle besluit sal daarvoor praat, mense wat werkloos is en wat afgesit is by die werk? -- Ek onthou nie dat ons ooit spesifiek gesê het wie daarvoor sal moet handel nie.

Jy het nou een aspek genoem wat julle daar bespreek het, dat julle op die vergadering sal moet verwys na mense wat werkloos is en afgesit is van die werk. Watter aspek het julle oor besluit en bespreek daar? -- Dit is lank gelede dat hierdie voorval plaasgevind het waar ons bymekaar was om hierdie dinge te bespreek. Daar het baie dinge plaasgevind tydens hierdie besprekings van ons. Ek kan dus nou nie so (30) goed/...

goed onthou nie.

As jy sê daar het baie dinge plaasgevind tydens hierdie besprekings van julle, bedoel op daardie vergaderinkie van julle drie? -- Nee. Wat ek bedoel is, sedert daardie vergaderinkie van ons van die drie, het daar al so baie dinge gebeur met myself dat ek nie meer kan terugdink en onthou wat by daardie vergaderinkie plaasgevind het nie.

Is raadslede daar bespreek? Kan jy dit onthou of kan jy dit nie onthou nie? -- Ons het nie oor hulle gepraat nie.

Is daar nie gepraat dat daar gevra moet word dat (10) hierdie raadslede is nie aanvaarbaar vir die gemeenskap nie? -- Nee, ons het niks gepraat nie.

Kan jy enigiets verder onthou wat julle daar gepraat het oor wat op die vergadering gesê moet word? -- Ek kan nie op hierdie huidige oomblik onthou nie.

Het julle bespreek wie sou op die vergadering notas neem? -- Ja.

Wie sou dit doen? -- Hlubi.

Wie sou voorsitter wees? -- Ek sou die voorsitter gewees het. (20)

Kan jy dan vir ons sê die vergadering van die 19de, hoekom was jy nie ook weer die voorsitter nie? -- Ons het so besluit dat ek nie h voorsitter moet wees nie.

Wie het so besluit? -- Dit was h besluit tussen my en die twee persone waarvan ek praat.

Wanneer is daardie besluit geneem? -- Die besluit is geneem by my woning. Dit is voor die dag van die vergadering, dit wil sê voor die bywoning van die vergadering van die 19de. HOF : Op die dag van die vergadering, maar voor die vergadering begin het? -- Op die dag van die vergadering voor die (30) bywoning/...

bywoning van die vergadering.

Hoe lank voor dit? -- Die vergadering was veronderstel om in aanvang te neem om 14h00. Dit was net voor ons die huis, dit wil sê my woning, verlaat het.

Het jy en Hlubi en Nozipo toe apart gegaan en toe so 'n eie vergaderinkie gehou? -- Ja, ons het 'n aparte vergaderinkie gaan hou, ons drie.

Waar het julle dit gehou? -- In my sitkamer waar ons die vergadering gehou het. Ons het eenkant gestaan.

Hoekom het julle eenkant gaan staan? Wie het julle (10) bymekaar geroep? -- Ek het hulle geroep.

Het jy hulle eenkant toe geroep? -- ja.

Hoekom? -- Dit is my helpers.

Hoekom het jy hulle eenkant toe geroep? Vir watter doel? -- Om reëlings te tref oor hoe hierdie vergadering voortgesit gaan word.

Wie se voorstel was dit toe dat jy nie meer voorsitter moet wees van die vergadering nie? -- Niemand nie. Wat ek geê het was, Hlubi gaan optree as 'n voorsitter. Hy sal net die vergadering met 'n gebed open. (20)

En wat sê hulle daarvan? -- Hlubi het gesê dit is goed.

En Nozipo? -- Sy het saamgestem. Sy het nie eintlik iets te sê gehad nie.

Was dit 'n voorstel van jou waarmee hulle saamgestem het en saam oor besluit het? -- Ja.

So, toe jy vanoggend in jou getuienis gesê het dat daar geen aspekte is waaroor saam met jou besluite oor geneem het nie, was dit eintlik nie heeltemal reg nie? -- Nee, maar ek praat van wat daar gebeur het by my huis, nie by enige ander plek wat ek nie weet waarvan u praat nie. (30)

Hoe/...



Hoe was julle besluit? Sou Hlubi net vir daardie vergadering die voorsitter wees? -- Ja, ons praat mos van die vergadering van die 19de.

Wat van die vergadering van die 26ste? Hoekom was jy nie voorsitter nie? -- Nee, ons praat nog nie van daardie vergadering nie. Ons praat van die gebeure van die 19de.

Wil jy nog iets praat van die gebeure van die 19de? As ek jou in die rede geval het, dan is ek jammer? -- Nee, ek was onder die indruk gewees dat ons bespreek wat gebeur het voor die aanvang van die vergadering van die 19de. Nie(10) dat ek iets wou by gesê het nie.

Dan vra ek vir jou van die 26ste se vergadering. Hoekom was jy nie op daardie vergadering die voorsitter nie? -- Ja, maar ek het mos laat gekom by hierdie vergadering.

Maar dit is nog nie 'n verskoning nie. Kan jy vir ons sê, het jy vooraf besluit of sou jy die voorsitter gewees het? Is dit wat jy probeer sê vir die Hof? -- Dit was na aanleiding van wat daar gebeur het toe Hlubi by my aangedoen het, dat ek met iets besig was as gevolg waarvan ek toe aan hom gesê het dat hy maar voortgaan met die vergadering. Dit(20) is met verwysing na die vergadering van die 26ste.

Toe jy terugkom het jy dit oorgeneem as die voorsitter? Of toe jy by kom by die vergadering? -- Nee, ek het dit nie gedoen nie.

Hoekom nie? Hy moet maar net voorlopig voortgaan solank jy nie daar is nie, as ek jou reg verstaan? -- Ja, dit is so.

Hoekom het jy toe nie oorgeneem en voortgegaan met die vergadering nie? -- Dit was nie belangrik nie.

Jy, die predikant van die gemeente, wat die opdrag het van jou gemeente, jou kerkraad dat jy moet hierdie (30)

vergaderings/...

vergaderings lei, dit is nie belangrik dat jy voorsitter is nie? -- Ja, dit is so, u is heeltemal reg, maar weet u wat, byvoorbeeld soos u daar staan, u is die leier van die Staatsadvokate en dit gebeur soms, nie waar nie, dat u iemand anders aanstel om die vrae te vra?

Is dit jou antwoord? -- Met ander woorde, dit het nooit gebeur dat iemand anders besig is om vrae te vra, dat u gesê het "Nee, wag nou, laat ek nou vra" en die kruisverhoor oorgeneem het nie.

HOF : Hy mag nie? -- Ja, dit is 'n voorbeeld wat ek maak. (10)

MNR. JACOBS : En 2 September 1984 se vergadering, wie was toe voorsitter? -- Peter Hlubi was die voorsitter.

Nou hoekom? -- Omdat ek hom versoek het om op te tree as 'n voorsitter.

Wanneer het jy hom al versoek om op te tree as 'n voorsitter? -- Toe hy by my huis aangedoen het.

Net voor die vergadering? -- Ja.

Kan jy vir ons sê op die 19de wat het die eks-beskuldigde nr. 4 daar kom maak? -- Waar? By die kerk? Hy het die vergadering kom bywoon. (20)

Daar by jou huis? -- Hy het gekuier.

Vir wie? -- Vir my, die eienaar van die huis.

Maar jy was mos nou nie daar beskikbaar nie? Jy het mense gehad, jy was in jou studeerkamer. Wanneer het hy vir jou kom kuier? -- Nee, maar die huis is myne. As hy daar kom kuier, kom kuier hy vir my en my gesin. As ek besig is om iets met mense daar uit te voer, kan hy net wag.

So, hy was eintlik daar om te kuier, nie om vergadering toe te gaan nie? -- Hy het by die vergadering geëindig.

Het jy hom baie goed geken? -- Ja, ek het. (30)

Het/...

Het jy geweet hy was n lid van COSAS gewees? -- Dit is nie iets wat ek moes geweet het of nie geweet het nie.

Nee, dit is nie wat ek vir jou vra nie. Ek vra vir jou, het jy geweet hy is n lid van COSAS? -- Nee, hy het gewerk. Volgens my kennis, persone wat werksaam is was nie toegelaat om lede te word van COSAS nie.

Weet jy of hy voorheen lid van COSAS was? -- Ek weet nie.

Is hy n man wat gereeld by jou huis kuier? -- Ja, hy het by my huis aangedoen. (10)

En jy weet nie eers aan watter politieke organisasies hy aan behoort het voorheen nie? -- Nee, ek ken hom nie so nie.

Hoekom het hy by julle op die verhoog gesit by daardie vergadering as dit net n man is wat gaan kuier? -- Daar is nie n verhoog daar by my kerk nie. So, hy kon nie op n verhoog gesit het nie.

Kom ons maak dit n bietjie anders en vra hoekom het hy daar by julle sprekers gesit en by julle mense wat te doen gehad het met die vergadering? -- Hy het tussen die ander(20) mense gaan sit wat op die verhoog sitplek ingeneem het. Die rede daarvoor was dat met sy aankoms daar by die vergadering was dit laat gewees. Dus die enigste sitplek wat hy kon geneem het was waar die mense sitplekke gehad het op die verhoog.

HOF : Laat ek nou net duidelikheid kry. U sê daar is nie n verhoog nie, maar u het nou al twee keer gepraat van n verhoog. Hoe lyk dit daar voor in daardie kerk? -- Dit is een laag stene hoog vanaf die vloer, wat eintlik n afskorting maak tussen die gehoor en die persone op hierdie verhoogde gedeelte. (30)

So/...

So, die verhoogde gedeelte is een steen hoër as die res van die kerk? -- Ja, dit wil sê in vergelyking met die gedeelte waar die gehoor sitplek inneem.

Wat noem julle predikante daardie deel van die kerk? -- Ons noem dit "choir", in the sense that that is the place occupied by the choristers. That is where they take their seats. The sub-deacons also take place there.

As iemand na die kerk verwys en jy sê aan die skoonmaker maak daardie deel skoon, sê jy dan "Maak die 'choir' skoon"? -- Nee, ek sê aan die persoon "Maak skoon daar waar die (10) 'choir' sitplek inneem."

MNR. JACOBS : Toe ek jou gevra het hoekom het beskuldigde nr. 4 op die verhoog sitplek ingeneem, toe het jy eintlik goed verstaan wat ek bedoel het? -- Die kwessie van die verhoog of dit nie 'n verhoog is nie, is eintlik verskeie kere al in hierdie hof gedebatteer, of dit nou 'n verhoog is of wat dit is, maar ek sê dit is nie 'n verhoog nie.

Toe ek vir jou gevra het hoekom het hy daar op die verhoog gaan sit, het jy geweet ek bedoel hy sit op daardie plek wat 'n steenhoogte hoër is tussen die sprekers en die (20) mense daar. Jy het dit geweet en besef? -- Nee, ek het nie so goed verstaan nie, want u het verwys na 'n verhoog.

En jy het self in 'n volgende antwoord sonder dat ek daarna verwys het gepraat van die verhoog. Is dit 'n verskillende ding wat jy van gepraat het as waarvan ek gepraat het? -- Ek het gepraat van 'n gedeelte "an elevated area". Dit beteken 'n sekere plek waar die koor sitplek inneem.

Sê jy nou vir die Hof jy het nooit gepraat van 'n "platform" nie? -- 'n Platform wat ek van praat is hierdie gedeelte wat 'n bietjie hoër is as die normale oppervlakte van die (30) vloer/...

vloer af.

Het jy die woord "platform" gebruik of het jy gesê "elevated section"? -- Aan die begin het ek gepraat van 'n platform.

Goed, ons laat dit daar. Kan jy vir die Hof sê, beskuldigde nr. 4 het saam met julle geloop van die huis af na die kerk toe? -- Praat u van die vergadering van die 19de?

Ja, die 19de se vergadering? -- Ja, dit is so.

En toe het hy omgedraai, as ek jou getuienis reg verstaan, en teruggegaan huis toe? -- -- Ja. (10)

Hoekom? -- Hy was gestuur gewees.

Deur wie? -- Hlubi.

Om wat te maak? -- Om sigarette vir Hlubi te gaan haal.

Wat wil hy met die sigarette maak, want hy mag mos nie in die kerk rook nie, jy laat dit mos nie toe nie? -- Ja, dit is so.

Hoekom moes hy dan sy sigarette gaan haal? -- Dit is syne.

Maar hy gaan mos weer na jou huis toe terug na die vergadering? -- As hy dit onthou het op daardie stadium en hy dit by hom wou gehad het, wat kan ek daaraan doen? (20)

Het beskuldigde nr. 4 teruggehardloop of geloop? -- Ek neem aan hy het gehardloop, maar ek het nie na hom gekyk toe hy teruggekeer het nie.

Het hy julle nie weer opgevang op pad kerk toe nie? -- Ek het mos gesê hy het laat daar opgedaag.

Ons het nou die getuienis van jou gehad dat op al hierdie vergaderings wat nou gereël was, kan jy vir ons sê op daardie eerste vergadering van die 12de, het jy vir die mense daarso gesê "Kyk, hier is nou 'n saak wat die gemeente van St. Cyprian raak. Hier is mense wat geldelike hulp van die kerk gevra (30)

het/...

het, omdat hulle sorgbehoewend is en alreeds hulp van die kerk kry. Hulle soek die hulp weens die verhoogde huur. Die kerkraad het nou besluit ons moet kyk op hierdie vergadering hoe kan ons hierdie mense help." Is dit gedoen? -- Nie op die maner wat u dit stel nie.

Is dit ooit daar op daardie vergadering gesê hier is n sakinge wat net die St. Cyprian gemeente raak dat ons moet nou bespreek hoe kan ons die mense help? -- Nee.

Hoekom nie? Want dit was tog die opdrag van die kerkraad, die vergadering moet belê word om te kyk hoe om hierdie (10) veertig mense te help? -- Ja, maar kyk nou, hierdie vergadering is nie meer soos dit oorspronklik besluit was nie. Hier is nou mense teenwoordig wat nie lede is van die Church of Province nie.

Hoe het dit verskil van die oorspronklike opdrag? -- Die verskil was, dat oorspronklik was die verwagting dat die vergadering bygewoon gaan word deur lede van die gemeente van St. Cyprians alleen, maar by hierdie vergadering het ons mense ook wat nie lede is van hierdie gemeente nie.

Maar daar was baie van jou gemeentelede daar op daardie (20) vergadering? -- Ja.

Sal u sê hulle was die meerderheid op die vergadering? -- Ja.

Daar is mos nou niks wat verhoed het dat jy daar kon opgestaan het en gesê het "kyk, mense van St. Cyprian gemeente dit is die probleem wat daar aan die raad gestel is, aan die kerkraad, dit is wat daar besluit is, hoe kan ons hierdie veertig mense help?" -- Dit was nie belangrik gewees om melding daarvan te maak nie.

So, die veertig mense wat die hele oorsaak is van (30)

hierdie/...

hierdie vergadering, is nou nie meer belangrik nie? -- As dit nie belangrik was nie, sou ons nie hierdie vergadering gehou het nie.

K756

Maar jy sê mos nou dit is nie belangrik om hierdie mense se saak op te neem, hierdie van die veertig mense nie? Is dit reg? Verstaan ek dit reg, die probleem van die kerkraad hoe om hierdie mense te help is nie meer belangrik op die stadium toe die vergadering gehou is nie? -- Nee, dit is nie wat ek sê is nie belangrik nie.

Wat is nie belangrik nie? Laat ons jou eie woorde (10) hoor? -- Wat nie van belang was om daar genoem te word nie, volgens my, was om melding te maak van wat die besluit van die kerkraad was oor dit wat oorgedra moet word aan die gemeente, naamlik dat die raadsvergadering besluit het dat ek dit moet oordra aan die gemeente na die kerkdien, dat die mense by my kom kla het oor sekere dinge wat ek dan moet oordra deur dit te noem. So, wat die gemeente voorstel gedoen kan word met die oog daarop om hulp te verleen aan die persone, sal dan in 'n verslag aan die kerkraad oorgedra word. (20)

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Dit is heeltemal vir my nie duidelik wat u bedoel om te sê nie. -- Is ek korrek, is die vraag, wat is dit wat ek gesê het wat nie belangrik is om genoem te word aan die mense in die gehoor wat van die raad af gekom het nie?

Die vraag was nie heeltemal so lank nie, maar dit het naastenby die strekking daarvan? -- Ek het hier vir die Hof gesê wat die besluit was van die kerkraad. Dit het ek oorgedra aan die gemeente die Sondag na die kerkdien. Wat ek daaromtrent sê is dat die besluit was dat wat gesê is moet (30)

oorgedra/...

oorgedra word aan die gemeente, sodat ons daar dan voorstelle kan kry hoe om te werk te gaan om die hulp te kan verleen aan die persone wat hulp nodig het. Dit is wat van belang is.

Ekskuus tog, dit is nog nie duidelik nie. As u praat van u het dit na die kerkdiens aan die gemeente oorgedra praat u van die vergadering van die 12de Augustus? -- Na die vergadering van die kerkraad en na die raad besluit het wat gedoen moet word as gevolg van die bespreking dat dit oorgedra moet word aan die gemeente, moes dit plaasgevind het op die 12de, dit is die Sondag van die 12de, na die kerkdiens wat (10) gehou is wat in aanvang neem om 10h00. Aan die einde van die kerkdiens sou dit dan aangekondig gewees het dat daar 'n vergadering gehou gaan word dieselfde middag. Op hierdie vergadering sou die besluite van die kerkraad genoem gewees het aan die gehoor.

Wat u sê wat nie belangrik was nie is nog steeds nie duidelik nie, want as ek u nou reg verstaan dan was die besluite van die kerkraad nie by die vergadering van die 12de die middag oorgedra aan die gemeente nie. Dit was toe 'n openbare vergadering. -- Ja. (20)

Nou is dit nie duidelik nie. Bedoel u dat dit toe nie meer belangrik was om dit oor te dra nie? -- Ja.

MNR. JACOBS : Kan ek dan miskien die ding saamvat om net duidelikheid te kry. Toe julle kerkraad vergader het, was besluit om 'n vergadering, noem dit 'n gemeentevergadering te hou op 12 Augustus 1984? -- Ja.

Sodat daar op daardie gemeentevergadering wat dan gehou word op 12 Augustus 1984 maniere bespreek moes word hoe om veertig mense te help, watse hulp verleen moet word? -- Ja.

So, was dit nog belangrik toe die vergadering van die (30)

12de/...



12de gehou was? -- Dit was nie meer belangrik nie, in die sin dat dit nie meer h gemeentevergadering was nie.

Wat het toe so belangrik geword dat die gemeente se sake uitgeskuif is? -- Wat nou van belang is, is dat dit is nou h vergadering wat eintlik nou die gemeenskap ook teen.-woordig het.

Dit antwoord nog nie my vraag nie. My vraag is, wat het so belangrik geword dat hierdie kwessie van jou veertig mense van jou gemeente nie meer belangrik is nie? -- Wat van belang is op die oomblik is dat die kwessie van die huur (10) het betrekking en dit raak die gemeenskap as geheel. Dit is nou nie meer beperk tot die gemeentelede nie.

Is dit die rede waarom jy ook die saak van die veertig lede van jou gemeente nie op daardie vergadering gestel het nie? -- Nee, nou verstaan ek nie. Herhaal h bietjie daardie stelling?

Ek vra vir jou die rede hoekom die huurkwessie nou algemeen die vernaamste rede geword het, is dit daarom dat jy die kwessie van die hulp wat daardie veertig lede gevra het in jou gemeenskap - nie gemeenskap nie, in jou gemeente (20) nou nie meer so belangrik is dat jy dit nie eers genoem het op daardie vergadering nie? -- Dit het belangrik geword. Eintlik het ek melding daarvan gemaak op dieselfde vergadering maar nie op die manier wat u verwag het dat ek dit moes gedoen het nie.

Wie het besluit dat hierdie kwessie van die veertig lede se hulp wat hulle gesoek het nie meer belangrik is nie? -- Daar was nie h besluit gewees nie. Dat daar nie meer hulp aan hulle verleen word nie.

Nee, dat hulle nie meer belangrik is nie. Daar is h (30) verskil/...

verskil. Ek het nooit gesuggereer dat daardie mense nie gehelp word nie, maar jy het gesê hulle help deur die gemeente was nie meer die belangrike aspek op hierdie vergadering van die 12de nie? -- Nee, dit is nog steeds belangrik, want hier is die vergadering van die middag van die 12de wat nog gehou is.

Maar as dit belangrik is, hoekom het jy dit nie genoem op daardie vergadering en gesê daardie mense soek hulp en dit is wat die kerkraad besluit het nie? -- Ek het melding daarvan gemaak in die sin dat ek melding gemaak het van (10) n persoon of persone wat my genader het.

Behalwe dat jy dit - kyk, ek stel dit aan jou pertinent. Daardie persoon wat jy nou na verwys het, het jy gebruik om propaganda te maak teen raadslede? -- Nee, dit is nie die waarheid nie.

En jy het nooit vir daardie vergadering daar gesê dat daar is veertig lede van jou gemeente wat hulp by die kerk kom vra het en dat die kerkraad gesê het ons moet op hierdie vergadering bespreek hoe kan ons hierdie mense help nie? -- Ek stem nie saam met u nie. Ek het melding daarvan (20) gemaak. Dit is lank wat ek so sê.

Wat het u gesê omtrent die veertig mense op daardie vergadering? -- Wil u nou hê ek moet herhaal wat ek alreeds hier gesê het?

Ek vra vir jou n eenvoudige vraag. As dit n herhaling is, dan gee jy die herhaling. Ek kan my nie herinner dit is n herhaling nie. Ek vra jou uitdruklik op daardie vergadering van die 12de, wat het jy gesê omtrent hierdie veertig mense wat hulp gevra het van jou kerk?-- Gister was ek hier deur die Hof gesê dat ek nie moet herhaal wat alreeds in my (30)

getuienis/...

getuienis gesê is nie, maar met die Hof se toestemming kan ek dit weer herhaal?

HOF : Ja, mits dit betrekking het op die besondere vraag.

-- Ja, dit is h antwoord op die vraag.

Ja. -- Ek het gister hier vir die Hof gesê dat by die vergadering van die 12de het ek iets te sê gehad waarin ek gesê het dat ek genader was deur h persoon met die versoek dat die voedselpakkie van die persoon vermeerder moet word. Dit het die persoon kom vra met die oog daarop om hulp verleen te word, want sy sou nie in staat gewees het om die verhoogde(10) huurgeld te kan betaal nie. Ek het toe verder gesê, as dit die geval is, dan gaan dit ons raak in die kerk, in die sin dat ons nie in staat gaan wees om die persoon hulp te verleen nie. Dit is in kort wat ek gesê het.

MNR. JACOBS : Ek sal my vraag nou weer aan jou herhaal.

Ek praat nie van hierdie een persoon nie. Ek praat van die veertig persone wat jou kerkraad oor h besluit geneem het. Het jy na die ander nege-en-dertig persone hoegenaamd verwys op hierdie vergadering? -- Ja, die een persoon wat ek van praat verteenwoordig die veertig persone, want sy vorm h (20) gedeelte van die persone wat na verwys word.

Sal jy saam met my stem, daar waar jy gepraat het oor hierdie vrou wat na jou toe gekom het en jy dit oorgedra het aan die gehoor, daardie gehoor wat daar geluister het, het net geweet wat jy aan hulle oorgedra het van een persoon en hulle het nie geweet van die ander nege-en-dertig mense wat in die gemeente is wat hulp van die kerk kry nie? -- Dit is nie die waarheid nie. Daar is persone wat daarvan bewus is van die persone wat voedselpakkies ontvang en die voedselpakkies saamneem na die wonings toe, wat dan bewus is van (30)

die/...

die verskaffing van hierdie voedselpakkies.

Ja, ek praat van die boodskap op die vergadering. Daaroor het jy niks te sê nie. Is dit reg? -- U stelling is asof die voedselpakkie-ontvangers nie inwoners is van Sharpeville nie. Die mense is inwoners van Sharpeville en die bure is daarvan bewus dat die persone voedselpakkies ontvang. Dus in die algemeen is die gemeenskap daarvan bewus wie hulle is.

Net om my te help om jou te kan kruisondervra, wanneer het ek te kenne gegee of gesê dat die mense wat voedselpakkies ontvang is nie inwoners van Sharpeville nie of (10) gesuggereer dat dit die geval is nie? Inwoners van Vereeniging of Sharpeville? -- In die eerste plek, 'n inwoner van Sharpeville is 'n persoon wat in Vereeniging woonagtig is. Sharpeville is eintlik 'n voorstad van Vereeniging en tweedens sê ek dit lyk of u die vraag so stel. Ek sê nie dit is direk so gestel nie.

Wat gee jou daardie indruk? Laat ek net hoor?

HOF : Ek dink dit is 'n onnodige stryery. Ons kom niks verder nie. Ek wil aan u 'n siening stel waarop ek graag u kommentaar wil hê. Die siening is 'n voorlopige siening en (20) dit is miskien heeltemal verkeerd. As u hierdie vergadering 'n suiwer gemeentevergadering sou gehou het, dan sou dit waarskynlik soos volg verloop het. Daar sou gestel gewees het "Ons het die probleem in die gemeente", daar sou verslag gedoen gewees het oor die beskikbare fondse van die gemeente en die moontlike ander bronne waaruit die gemeente fondse kon verkry en moontlik buite instansies wat ook kon help en dan sou daar aan die hand daarvan 'n debat gewees het oor verhoging van hulp. Maar toe daar nou besluit is om 'n openbare vergadering te hou, toe het daardie werkswyse amper (30)

onmoontlik/...

onmoontlik geword. Omdat daar soveel buitestaanders by betrokke is, kan 'n mens nou nie oor die finansies van die kerk gaan praat en suster so en so het dit nodig en suster so en so het dat nodig nie en dit het uiteraard omvorm geraak in 'n politieke kwessie wat bespreek is op 'n openbare vergadering. Wil u kommentaar lewer op die siening? -- Ek stem saam met die Hof se siening dat dit wel so is, dat dit wel so gebeur het dat die vergadering verander het. Dit was nie meer 'n gemeentevergadering gewees nie. Dus het dit hierop neergekom soos beskryf word deur die Hof. (10)

MNR. JACOBS : Is dit dieselfde posisie met die vergadering van die 19de en daar het dit ook nie meer gegaan oor die hulp aan die veertig mense nie, maar om dit kort te stel, wat die Hof nou-nou gesê het, 'n plaaslike politieke vergadering? -- In die eerste plek, die vergadering van die 19de se oorsprong is die vergadering van die 12de. Tweedens, ons is nie in staat om die veertig mense apart te hou van die gemeenskap nie. Deur dit te sê, wat ek oordra is die volgende. Dat wat 'n persoon raak in die gemeenskap, wat die gemeenskap raak, raak almal. Daar is geen uitsondering(20) nie. Met die gevolg, die huur het ook betrekking gehad op almal. Daar is baie dinge wat eintlik verhoog is dieselfde tyd. Byvoorbeeld die reisgeld van busse is ook verhoog en die ekonomie van die land was ook geaffekteer gewees in die sin dat dit laer gegaan het. Mense was werkloos gewees, was afgesit by die werk. Dit beteken dus dat as 'n mens nou begin praat van 'n verhoging van huur, moet die persoon besef dat dit te doene het en dit raak alles en almal in die lewe.

Geld hierdie selfde antwoord van jou ook vir die vergadering van die 26ste en 2de - 26 Augustus en 2 September(30)

1984? -- Ja, dat dit by beide bespreek was.

En dat dit nie net gegaan het spesifiek oor die hulp aan veertig mense nie? -- Nee, dit was nog steeds die kwessie van die hulp wat verleen word aan die veertig. Indien dit geslaag het dat die veertig hulp gekry het, dan sou dit beteken dat die hele gemeenskap 'n voorbeeld daarvan kry, want as die huur verhoog word, dan raak dit almal en nie net 'n spesifieke persoon nie.

Na die vergadering van die 12de, het jy toe gaan terug-rapporteer aan jou raad en verslag gedoen? -- Nee, dit was (10) nie moontlik gewees nie.

Maar het jy nie netnou genoem dat daar moes verslag gedoen word weer terug na die raad nie? -- Ja, dit is veronderstel om so te wees.

Is dit nie van belang vir die raad om te weet dat daar gaan nou nie hulp wees van buite af om dit so te noem vir hierdie veertig mense nie? -- Van buite? Waar?

Van buite, uit die gemeente en nie uit die kerkraad uit nie?

HOF : U moet die vraag baie duideliker stel. Dit is ver-(20) warrend. 'n Gemeente en 'n kerkraad bly 'n interne aangeleentheid. Daar is nie 'n kwessie van buite nie.

MNR. JACOBS : Was dit nie vir die raad van belang om te weet dat daar planne prakseer is hoe om die mense te help, spesifiek hierdie veertig mense nie? -- Dit was van belang gewees.

Dink jy nie dit is ook van belang vir die kerkraad om te weet dat 'n gemeentevergadering omvorm is in 'n openbare en plaaslike politieke vergadering nie? -- Dit was van belang gewees.

Nou hoekom het jy nie gerapporteer nie? -- Dit was (30)

bekend/...

bekend gemaak by die volgende vergadering van die kerkraad. Die vergadering sit een maal in 'n maand. So, in hierdie geval, Septembermaand was dan die maand en ons moes gedurende daardie maand vergader het.

HOF : Vergader u in die eerste week van 'n maand of die tweede week van 'n maand of hoe? -- Die eerste week van die maand.

Op 'n Woensdag? -- Maandagaand.

MNR. JACOBS : So, jy het dit nie gerapporteer nie of het jy?

HOF : Dit is gerapporteer by die eersvolgende vergadering(10) van die kerkraad. Dit was op die eerste Maandagaand in September.

MNR. JACOBS : Dit is die aand van die 3de. Is dit reg? -- Nee, die vergadering was nie gehou nie. Ons het besluit om dit uit te stel omdat ek 'n sinode moes bygewoon het.

Wanneer het jy dit gerapporteer? -- Ek het nie teruggerapporteer nie.

Die regshulp wat jy gesoek het, kan jy net vir ons sê sodat ons net duidelikheid kry, waar het jy orals regshulp probeer kry? -- Ek het met mev. Buthelezi gaan praat. (20) Ek moes nog met mnr. Bisset gaan praat het en prof. Dugaradt. Die "Chancellor" en die "vice-chancellor" van die "diocese" in Johannesburg moes ek by die sinode gesien het.

Hoeveel keer het jy vir mev. Buthelezi gesien? -- Net een keer het ek haar gespreek.

En die ander keer het jy haar gebel as ek reg onthou? -- Ja, dit is reg.

Toe jy haar gaan spreek het die eerste keer, het jy gegaan om regshulp te kry of wat was jou doel daar? -- Ek het regshulp gaan soek. (30)

In/...

In die sin dat sy opdrag kry om op te tree namens sekere instansies? -- Nee.

Het jy haar gaan sien as 'n vriendin om net te hoor of sy vir jou kan sê wat jou te doen staan, om vir jou raad te gee? -- Ja.

Toe jy haar gaan sien het, het jy dit nie gedoen uit spesifiek of net weens die veertig mense wat hulp gevra het nie? -- Nee, ek het haar oor twee dinge gaan sien.

Maar ek stel dit pertinent oor hierdie veertig mense. Dit was nie die dryfveer, die motivering om haar te gaan (10) sien nie? -- Dit was na aanleiding van die besluite wat geneem was by hierdie vergadering waarop ek gesê het dat ek navraag sal gaan doen aangaande hierdie besluite. Dit is hoekom ek haar toe genader het.

Moet ek dan aflei, die antwoord op jou vraag is, dit is nie uitsluitlik of 'n dryfveer gewees die feit dat die veertig mense swaar gekry het en hulp gesoek het nie? Dit is mos eenvoudig? -- Dit was ook bygereken.

In 'n breë algemene sin. Dit was nie die dryfveer nie? -- Hulle was ook maar in oorweging geneem en betrek hierop. (20)

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG.

HOF HERVAT.

K757

TEBOGO GEOFFREY MOSELANE, bevestig verder

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Moselane, het jy aan mev. Buthlezi gesê dat die verhoogde huur veroorsaak probleme in jou gemeente? -- Ja.

Wat se probleme het jy aan haar gemeld wat dit in jou gemeente veroorsaak? -- Wat ek aan haar oorgedra het was dat die verhoging op huur veroorsaak dat mense nie sekere dinge kan bekostig nie. (30)

Is/...



Is dit nie meer korrek dat hulle sekere dinge nie sal kan bekostig nie, want die huur was nog nie in werking nie of was dit? -- Hulle kan dit nie bekostig nie.

Wat se dinge kon hulle nie bekostig nie? -- Kos, om dissipline uit te oefen oor die kinders. Die mense sal nie in staat wees om die nodige bydrae by die kerk te kan betaal nie. Dit sal veroorsaak dat daar nie 'n goeie spangees sal wees tussen die gesin nie.

Is dit al? -- Dit is wat ek onthou.

Watter mense is daar in jou gemeente, het jy vasgestel, (10) wat nie kos kon koop nie? -- Ek sal sê die hele gemeente het probleme gehad, want die kwessie van die huur raak die gemeente as geheel.

Het jy dit sommer aanvaar? Het jy nie ondersoek ingestel nie? -- Wat ek hier vertel is die waarheid.

Het jy ondersoek ingestel of het jy dit sommer net aanvaar? -- Dit is nie 'n kwessie van dat ek dit so aanvaar het nie. Die mense het my genader en so aan my verslag gedoen.

Watter mense het jou genader? -- Die lede van my gemeente.

Is dit net daardie ou vrou of is daar ander mense van (20) jou gemeente wat jou ook genader het? -- Ek het gesê die mense van my gemeente het my genader. Dit bestaan nie net uit hierdie ou vrou nie. Die ander mense van die "Old Pensioners Club" wat by my kerk vergader in die loop van die week. Daar is gewoonlik mense wat in my kerk vergader in die loop van die week. Dit is omtrent elke week. Die mense is bekend as "Pensioners Club". Daar word dan 'n "kitchen soup" gehou.

HOF : 'n "Kitchen soup" of 'n "soup kitchen"? -- Ek sal dit beskryf. Daar word sop gemaak wat verskaf word aan die (30)

mense/...

mense wat daar is.

MNR. JACOBS : Watter dag van die week het daardie mense vergader na die 12de? As ek praat van die 12de, praat ek van 12 Augustus 1984? -- Van watter mense praat u?

Die "Pensioners Club" wat die sop daar geniet by die kerk? -- Hulle vergader daar elke week. Selfs voor die dag van die 12de se vergadering het hulle maar nog daar vergader.

Op watter dag het hulle daar vergader? Watter dag van die week vergader hulle daar? Het hulle 'n spesifieke dag?  
-- Dinsdae. (10)

Wanneer het hulle die verslag aan jou gedoen? Na die vergadering van die 12de of voor dit? -- Dit was voor die vergadering van die 12de, en na hierdie vergadering van die 12de.

Wanneer het jy vir mev. Buthelezi gaan sien? -- Dit was na die vergadering van die 12de wat ek haar gesien het.

Op watter dag van die week? -- Ek kan nie meer onthou nie. Wat ek wel kan onthou is dat dit voor die dag van die 19de was.

Het jy ondersoek ingestel of daar mense is wat nie (20) hulle kinders kan beheer nie weens die verhoogde huur? -- Ja, mense het my daaromtrent kom sien.

Wat was die rede? Hoekom kon hulle die kinders nie beheer nie? -- Dit is omdat hulle nie in staat was om daarin te slaag om die kinders te onderhou nie.

In hoe 'n opsig kon hulle die kinders nie beheer nie? -- Dit was omdat die kinders toe gesien het hoe hulle kos gaan kry, want die enigste geld wat verkry word, word betaal vir die huur.

Wat het die kinders gedoen dat hulle onbeheerbaar (30)

was/...

was ? -- Kyk, as 'n persoon nie in staat is om kos te voorsien vir sy kinders nie, die kinders is nou honger, hoe sal die persoon in staat wees om 'n honger kind te kan advies gee.

Ek vra weer vir jou, wat het die kinders gedoen dat 'n mens kan sê hulle is onbeheersd? -- My verstaan van die woord dissipline is nie 'n kwessie van dat 'n mens eintlik iets verkeerd moet doen om die dissipline te kan handhaaf, om toe te sien dat dissipline toegepas word nie. Dissipline, wat my betref, is byvoorbeeld, 'n "priest", die dissipline wat daar uitgeoefen word, is oor die gebed. Dit is 'n voorbeeld(10) wat ek kan noem van dissipline op hierdie manier.

Kan jy vir die Hof enigsins sê waar die kinders onbeheersd was, waar hulle nie gedissiplineer kon word nie? Enigiets? -- As kinders nie kos het nie, sal hulle gaan na die plekke toe waar vuurmaakkole met trokke verkoop word en by daardie mense bly vir die dag, want dit sal die plek wees waar hulle voedsel sal kan kry vir dit wat hulle daar doen. Kinders sal wegbly van die huis af vir die dag.

Is dit die ongedissiplineerdheid wat daar geheers het as gevolg van die verhoging? -- Ja, hier is een van die (20) dinge wat eintlik veroorsaak het dat 'n persoon se lewe in 'n woonbuurt moeilik moet wees.

HOF : Ons is nou besig met konkrete gevalle. Wat u nou genoem het, was dit 'n konkreet voorbeeld van wat inderdaad gebeur het? -- Ja, dit is wat gebeur het.

Nou vra die advokaat u na die konkrete geval? -- Ja, ek het 'n voorbeeld aan hom gegee van 'n konkrete geval van die kinders, soos ek beskryf het, wat so optree.

MNR. JACOBS : En hulle het so opgetree? -- Ja, dit gebeur. Hulle het. (30)

Is/...

Is daar nog konkrete voorbeelde wat jy vir die Hof kan gee van ongedissiplineerdheid en gebrek aan beheer wat toegeskryf kan word aan die huurverhoging? -- Ek hoor u praat nou van die jeug. Ek het verstaan ons praat hier van die kinders?

Nou goed, ek is jammer, die kinders. -- Dit is die kerk se plig ook om beurse te kry vir die kinders.

Antwoord dan net my vraag. Ek sal hom nou vir jou duidelik stel. Is daar ander konkrete gevalle waar die kinders, weens die verhoogde huur, ongedissiplineerd opgetree het? -- Ek kan nie meer onthou nie. Daar is baie gevalle, maar weens die(10) feit dat ek nou lank in aanhouding is, vergeet ek van die ander dinge wat ek kon genoem het.

Jy kan net die een konkrete geval onthou wat jy aan mev. Buthelezi oorgedra het? -- Nee.

Nou goed, sê dan vir ons van die ander gevalle wat jy oorgedra het? -- Op die ou end het ons hier geëindig dat sy, mev. Buthelezi, vir ons breedvoerig sal moet sê wat ons kan doen aangaande die resolusies wat aanvaar is die Sondag.

Jy ontwyk my vraag en dit help nie, want ek sal dit weer vir jou vra. Kan jy nou vir ons sê wat is die ander (20) gevalle wat jy oorgedra het aan mev. Buthelezi waar die kinders ongedissiplineerd en onbeheerbaar was? -- Ek onthou net hierdie een wat ek alreeds aan u genoem het.

Nou wil ek dit aan jou stel, jy sal saam met my stem dat tussen 12 Augustus 1984 en 19 Augustus 1984 toe jy mev. Buthelezi gaan sien het, was die huur nog nie in werking gestel nie, die verhoogde huur? -- Ek praat van die manier, in die algemeen wat gebeur as die huur verhoog word.

So, hierdie voorbeelde wat jy hier vir die Hof gegee het is as gevolg van hierdie huurverhoging, is dan eintlik (30)

nie/...

nie as gevolg van hierdie huurverhoging wat ter sprake is en wat op 1 September of op 3 September in werking sou getree het nie? -- Die verhoging van die huur wat in werking sou gewees het in September 1984 sou nog verder bygedra het tot die toestand wat ek nou reeds al aan die Hof beskryf het.

Die ander rede wat jy sê jy aan haar gemeld het, is dat die kerk nie sy deel van die kollekte en bydraes van die gemeente sou kry nie. Dit was seker 'n teer puntjie by jou gewees? -- Nee, dit is nie vir my duidelik nie. Wat is die (10) vraag?

Dit sou vir jou en jou kerk erg geraak het, is dit nie so nie, as jy nou minder kollekte kry?

HOF : Beperk u u vraag net tot kollekte of die kerklike bydraes in die algemeen? Want ek weet nie of die kerklike bydraes almal in die besondere kerk by wyse van kollektes gevorder word nie.

MNR. JACOBS : Ek sal dit liever stel as die bydrae in die algemeen? -- Ja, dit sou dit geraak het. Dit is nie net 'n klein dingetjie soos u dit nou stel nie. Dit is iets (20) groots by die kerk om hulp te verleen aan die gemeenskap.

En dit is so groot en so belangrik dat dit ook as een van die redes aangevoer word waarom die aanval geloods word teen die verhoogde huur wat ingestel moet word?

MR BIZOS : Is a proposed court action "n aanval"?

MNR. JACOBS : Met aanval bedoel ek nie net die hofaksie nie, maar die propagande wat gemaak word teen verhoogde huur.

HOF : Laat ek nou net weer die vraag hoor.

MNR. JACOBS : Omdat dit so belangrik is vir die kerk ook om sy deel te kry, is dit so belangrik dat dit een van die (30)

redes/...

redes is waarom die algemene aanval teen verhoogde huur en raadslede - wat ek nog 'n latere vraag oor wou vra, sal ek nou insluit by een - gevoer word?

MR BIZOS : I thought we were dealing with the interview with Mrs Buthelezi.

COURT : Well, we have left that, it seems.

MR BIZOS : I am sorry if I did not notice the difference.

COURT : It is not unusual for counsel to deviate. I found it in this case.

MNR. JACOBS : Stem jy saam? -- Nee, in die eerste plek, hoe(10) betrek u nou die raadslede in die hele ding? Want ek was soontoe gewees om te gaan verneem en die feite te kry of dit nou regtig in die regte orde is dat hierdie huurgeld so verhoog word, of dit nou wettiglik so is.

Is dit jou antwoord op my vraag? -- Ja.

Behalwe dat jy vir mev. Buthelezi persoonlik gaan sien het, het jy enige ander instansie, hetsy prokureur of ander mense voor 3 September gaan sien?

HOF : Oor wat? Oor 'n regsaspek of oor iets anders?

MNR. JACOBS : Op die regsaspek oor die kwessie van "inter-(20) dict"? -- Ja.

Wie is nog die ander instansie wat jy gaan sien het voor 3 September omtrent die hofinterdik? -- Sheana Duncan.

Van wie is sy? -- Black Sash.

Wat het jy by haar gaan doen? Kan jy vir ons presies sê? -- Ek het by haar gaan verneem oor haar kennis, of sy enige kennis het van enige wet wat dit kan verhoed, dit wil sê die verhoging van huur.

Wat het jy vir haar gesê hoekom verlang jy daardie inligting? -- Omdat die huur verhoog is. (30)

Het/...

Het jy by haar hulp probeer kry vir die mense wat werklik probleme gehad het in jou gemeente weens armoede, armlastigheid? -- Hoe bedoel u?

Enige ander hulp behalwe regshulp, oor 'n wet? Soos finansiële hulp vanaf die Black Sash? -- Ek wou nie geld van hulle gehad het nie.

Wanneer het jy haar gaan sien? -- Dit is voor ek na mev. Buthelezi toe is.

HOF : Na die vergadering van die 12de? -- Ja.

MNR. JACOBS : Behalwe vir haar Sheana Duncan en mev. (10)

Buthelezi, het jy by enige ander plek aangeklop vir hulp voor 3 September? -- Is dit nou aangaande die regsprobleme?

Kom ons onderskei dit dan. Ek het gedink ek kan dit korter vat. Kom ons vat dit dan regsprobleme? -- Ek het so 'n gedagte gehad, maar dit het nie gebeur nie.

Dit was net by hierdie twee mense waar jy aangeklop het vir regshulp? -- Ek het gesê ja, maar die derde en die vierde persoon kon ek nie daarin slaag om enige onderhoud met hulle uit te voer nie. Dit was as gevolg van die gebeure van die Vaal op die 3de wat alreeds plaasgevind het, dat ek nie (20) in staat was om die ander persone te gaan raadpleeg nie.

En Sheana Duncan, wat was haar raad aan jou toe jy haar om regshulp genader het? -- Haar advies was dat ek in verbinding moet tree met iemand wat 'n prokureur is.

Het sy vir jou 'n naam gegee van 'n prokureur wat jy kan nader? -- Nee.

Net gesê in die algemeen jy moet 'n prokureur nader? -- Dit is reg.

Net vir volledigheid, het jy van enige instansie of enige persoon of enige liggaam probeer om finansiële of (30) ander/...

ander hulp te kry as regshulp? -- Nee.

Net om die volledigheid af te sluit, het jy ooit probeer om die Lekoa Stadsraad self te nader en te hoor kan hulle hierdie behoeftige mense, die pensionarisse, die werkloses kan help en hoe hulle gehelp kan word? -- Nee.

Is ek dan ook reg as ek sê dat tot op die uitbarsting in die Vaal op 3 September 1984 was daar hoegenaamd nooit enige stappe gedoen behalwe hierdie raad soek, om daadwerklik 'n hofbevel aanhangig te maak of 'n hofproses aanhangig te maak vir 'n hofbevel nie? -- Dit kon ook gedoen gewees het (10) na die 3de. Daar was geen haas gewees vir die 1ste nie en daar was niks wat ons eintlik in 'n nood geplaas het dat ons nou in 'n haas moes gewees het vir die 1ste nie. Tweedens, vanaf die 1ste van die maand, as die raad nou nie die mense se gevoel aanvaar dat die huur nie verhoog moet word nie, het ons nog sewe dae, dit wil sê die hele week, vanaf die 1ste om die "court interdict" te gaan doen.

Hoekom sê jy so? Julle het nog sewe dae? Ek verstaan eintlik nie jou antwoord nie? -- Wat gebeur het in die woonbuurtes is dat 'n huis word nie gesluit nie en 'n inwoner (20) van 'n huis word nie uit die huis gesit alvorens die 7de dag van die nuwe maand verby is nie.

Dan wil ek jou net terugbring na my vraag toe. Voor 3 September het julle nooit iets gedoen om werklik die hofproses in werking te stel nie? -- Maar ek sê dan ons het nog sewe dae na die begin van die maand gehad om dit te doen.

Dit is 'n eenvoudige vraag. Ja of nee? -- Ja, maar ek moet aan u verduidelik wat die toestand is in die lokasie en die manier waarop die raad werk.

HOF : U weet, u en die geleerde advokaat sal minder haak (30)

as/...



as u eers die nee sê of die ja sê en dan die verduideliking gee, eerder as om die nee en die ja te vergeet en dan die verduideliking te gee. -- Ja, ek verstaan dit, maar wat hier gebeur is, al sê ek ja en dan dit met 'n verduideliking en dit kwalifiseer, wil hy nie die kwalifikasie aanvaar van die ja nie. Hy wil net hê ek moet sê ja of nee.

Nee, dit is kenmerkend van advokate. Hulle word moeilik tevrede gestel. -- Ja, ek is ook maar 'n "layman". 'n Mens moet verstaan wat ek verduidelik.

MNR. JACOBS : Die gedagte van die hofinterdik, wanneer (10) het dit die eerste keer ter sprake gekom en wie se gedagte was dit? Miskien kan jy dit saamvat? -- By die vergadering van 26 Augustus 1984.

Ek wil jou nie mislei nie, maar is jy seker daarvan, dat dit die eerste keer is wat daar 'n gedagte ontstaan het om 'n hofinterdik te kry teen die verhoogde huur? -- Bedoel u by die vergadering?

Nee, ek bedoel nie by 'n vergadering nie. Ek vra vir jou, ek bedoel niks. -- O, ek het oor die vergadering gedink. Ek onthou dat ons dit vir die eerste keer gemeld het by (20) mev. Buthelezi waar ons gepraat het.

Dit is na die vergadering van 12 Augustus 1984? -- Ja.

Jy is seker daarvan? -- Ja, met betrekking tot die mense wat weet watter wet is van toepassing hierop. Die Sondag van die vergadering, die 12de, het ek daaraan gedink en daarna het ek toe mev. Buthelezi genader.

Jy het net daaraan gedink op die 12de, maar die eerste keer het dit werklik ter sprake gekom om die hof te nader vir 'n interdik toe jy met mev. Buthelezi gepraat het? -- Dit is nie 'n kwessie van dat ek eintlik niks daarvan geweet het (30)

as/...

as h mens daarvan praat nie. Ek het al vantevore daarvan gehoor. Ek het het net nie presies geweet hoe dit gedoen word nie. Ek het dit eers goed gehoor met die onderhoud saam met mev. Buthelezi.

Nou sal ek my eerste vraag weer herhaal. Miskien kan jy my help. Ek gee jou weer die geleentheid. Wanneer het dit die eerste keer ter sprake gekom dat julle moet probeer om h hofinterdik te kry teen die verhoogde huur? -- Dit is terwyl ek saam met mev. Buthelezi was.

Laat ek dit dan net vir jou so volledig stel. Dit (10) was nooit, h hofinterdik teen die verhoogde huur was nooit ter sprake op die vergadering van die 12de nie. Is dit reg? -- Ja, ek sal so sê, maar eintlik wat gebeur het is, dit was in gedagte gewees waar ek sê dat regsmense geraadpleeg moet word.

Was daar enigiets op daardie vergadering van die 12de gesê omtrent h hofinterdik wat verkry moet word? -- Nee.

Het niemand daarvoor gepraat nie? -- Nee, niemand het nie. Ek het die voorstel gemaak dat dit nodig gaan wees vir ons om die regsmanne te raadpleeg, wat sê die wet, wat kan (20) gedoen word.

Is dit op die vergadering van die 12de? -- ja.

So, dit was net h breë algemene stelling om te sê julle moet vasstel wat sê die wet? -- Ja.

Het jy vir die gehoor gesê wat sê die wet in verband met wat wat julle moet vasstel? -- Ek het gesê dit sal nodig wees vir my om die prokureurs te gaan sien om die oog daarop om te gaan verneem of die verhoging nie gestop kan word nie.

Het jy aan die gehoor verduidelik hoe dat jy beoog of wil uitvind hoe dit gestop kan word? -- Nee. (30)

Jy/...

Jy het niks gemeld op daardie vergadering van die moontlikheid h ondersoek in te stel of h interdik verkry kan word nie? -- Ek het nie melding daarvan gemaak nie, want ek wou nie dinge begin sê aan die mense waarvan ek nie eers goed op hoogte was nie.

Ek wil net duidelikheid van jou dat die woord "interdict" is nooit op daardie vergadering gebruik nie? -- Ja, ek stry nie daar met u nie. Dit kan wees.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 11 JUNIE 1987.